

## Bylaag E

# Die Kerkregtelike Vereistes vir Eenwording volgens die Kerkorde van die VGKSA

Dr MA VanHuffel-Plaatjies Mei 2004

**1. Organisasoriese eenheid: Volledige eenheid een kerkverband met een algemene sinode en die moontlikheid van eenheid op alle ander vlakke van kerkwees dws sinodes, ringe en gemeentes**

**1.1 Belydenisgrondslag:** Volgens K Delpont moet al die sinodes saamstem tot 'n wysiging van die belydenisgrondslag. Slegs as al die sinodes saamstem kan die algemene sinode met 'n 2/3v meerderheid tot wysiging ste.vergelyk art 44. Die Algemene Sinode moet besluit oor eenwording Art 43.1.3 van die NGK se kerkorde bepaal duidelik dat die vasstelling van die belydenisskrifte by die Algemene sinode berus.

**1.2 Nuwe kerkverband:** Nuwe kerkverband vra 'n nuwe kerkorde wat met 2/3 meerderheid aanvaar moet word vanaf kerkraad tot algemene sinodale vlak. As al die sinodes nie saamstem nie sou die sinodes daarteen oorweging kan gee om die verband te verlaat (art 37)

**1.3 Evaluering:** Die VGKSA staan organisatoriese eenheid voorop. Die Vyf Kringe wat deur die NG Wes en Suid Kaap en Oos Kaap aanvaar is moet dus verwys word na die Algemene Sinode van die VGKSA vir beoordeling

Die eerste Kring handel oor die Bybel- die basis van ons geloof en die finale toets vir alle belydenisskrifte;

Die tweede kring is die ekumeniese geloofsbelydenisse wat ons met ons met ander Christelike kerke deel; aanvaarbaar

In die derde kring is die drie formuliere van eenheid wat ons aan die Reformasie bind

In die vierde kring is eietydse belydenisskrifte wat die onderskeie kerke met hul saambring op die nuwe pad van eenheid;

Die vyfde kring is ander dokumente wat die kerke ook in breër belydenisgrondslag opgeneem wil hê.

**1.4** Die Vyf Kringe is egter in lyn met die gereformeerde verstaan van die gesag van belydenisskrifte teenoor die Skrif.

**1.5** Die kerkorde, belydenisskrifte en die Skrif lê nie op een vlak nie. Die reformatore het in die sestiende eeu teenoor Rome getuig dat die Heilige Skrif alleen is die reël van geloof en

lewe [Bouman 1934:560] Teenoor die Skrif het belydenisskrifte slegs afgeleide gesag. Die Skrif bly die primêre bron van alle kerklike reg en orde [AD Pont 81:51] "Die belydenis is suiwer kerklik-menslike spreke, die sistematiese samevating van die geloof van die mens deur die Woord en Gees van God verwek is"

**1.6** Die eerste Nederlandse sinode te Emden 1571 vind ons 'n eenheid alhoewel verskillende belydenisskrifte by Nederlandse en Franse kerke in gebruik was. Daar word besluit om die twee geloofsbelydenisse wedersyds te onderteken. Tog staan die twee kerke so in een kerkverband op grond waarvan 'n kerkorde aanvaar is. Belydenisskrifte dra dus nie goddelike gesag, slegs kerklike gesag.

**1.7** Deeglik kennis behoort ook in die debat veral van die Formuliere van eenheid [vgl Sinode van Dordrecht 1618-19 wat 180 sitting geduur het oor twee jaar] geneem word.

**1.8** Die streeksinode, *let wel nie die SK nie*, moet met 'n 2/3 meerderheid besluit om die Vyf Kringe te aanvaar. Dit vra vir die hou van 'n buitengewone Streeksinode voor die Algemene Sinodale sitting.

**1.9** As die Streeksinode nie 2/3 goedkeuring verleen aan die Vyf Kringe nie kan die belydenisgrondslag nie gewysig word nie.

**1.10** Die Vyf Kringe moet dan voorgelê word aan die Algemene Sinode vir goedkeuring. Algemene Sinode moet met 'n 2/3 meerderheid die Vyf Kringe goedkeur. Die vasstelling van die belydenisgrondslag berus by uiteraard by die Algemene Sinode.

**2. Die moontlikheid dat verskillende kerke nog afsonderlik bestaan maar dat op bepaalde vlakke van kerkwees dws sinodes, ringe, gemeentes daar volledige kerkregtelike eenheid kan bestaan sg dubbele lidmaatskap slegs dele van gemeentes, ringe, sinodes sluit aan by ander kerk**

**2.1** Volgens K Delpont moet die Algemene Sinode so 'n proses en reglement kerkordelike veranderings goedkeur

**2.2** Dit is volgens hom regstegnies moontlik, maar is hyself daarvoor versigtig aangesien art 44 in gedrang kom nl belydenisgrondslag

**2.3 Evaluering:** Dit vra egter vir wysiging van die omvang/grense van gemeentes, ringe,

sinodes. Die wysiging in die omvang/grense van 'n streeksinode kan nie sonder die goedkeuring van die Algemene Sinode plaasvind nie. VGKSA Streeksinode Kaapland moet dus 'n aanbeveling in die verband aan die Algemene Sinode en/of Algemene Sinodale Kommissie [ASK] maak

### **3. Die moontlikheid dat strukture van een kerk bv 'n gemeente kan oorgaan na 'n ander kerk**

**3.1** Talryke probleme kan volgens K Delpont geskep word met 'n eensydige besluit tot eenheid hetsy op gemeente, ring of sinodale vlak: Gemeentes wat verenig sonder die steun van die meerdere vergadering kan moontlik eindom verloor as beswaardes nie wil opgaan in nuwe kerkverband nie

**3.2** Die Algemene Sinode moet die moontlikheid goedkeur en 'n reglement vir die reëling van goedere moet geformuleer word

**3.3 Evaluering:** In die eenheidonderhandeling is dit belangrik om behoorlik kennis te neem van die Hooggeregshof uitspraak in die NGKA (OVA) v VGKSA 1999 (2) SA 156. Dit is 'n toetsaak mbt tot eiendomsreg na eenwording. Die hele aangeleentheid mbtstrukturele eenwording van sinodale kommissies, ringe, gemeentes moet na Algemene Sinode en/of ASK verwys word vir beoordeling

### **4. Samewerkende gemeentes (sg konvent-gemeentes) wat bestaan uit twee of meer gemeentes van afsonderlike kerke wat so wyd moontlik saam kerk is deur saamdoen en saamwerk**

**4.1** Reglement 12 van die NGK maak daarvoor voorsiening nl op gemeente, rings sinodale vlak

**4.2 Evaluering:** Die VGKSA het nie 'n soortgelyke reglement as die NGK nie. Dit staan egter elke streeksinode van die VGKSA vry om met ander streeksinodes saam te werk of met ringe van ander streeksinodes, maar nie sonder toestemming van die besondere streeksinode nie. Van derglyke samewerking behoort by die eersvolgende Algemene Sinode verslag van gegee word. VGKSA Streeksinode Kaapland moet dus 'n aanbeveling in die verband aan die Algemene Sinode en/of ASK te maak aangesien die samewerking van die streeksinode huidiglik beperk word tot binne die kerkverband.

### **5. Kan NGK sinodes en/of gemeentes uittree uit hul huidige sinodale verband met behoud van hul identiteit en besittings**

**5.1** Volgens art 36 en 37 van die NGK kerkorde is dit moontlik

**5.2 Evaluering:** Die VGKSA het nie 'n soortgelyke artikel, bepaling reglement as die NGK nie. VGKSA Streeksinode Kaapland moet dus 'n aanbeveling in die verband aan die Algemene Sinode maak. Sinodes moet *top down approach* vermy. Sinodes kan nie gemeentes beveel om saam te smelt of te ontbind nie. Meerdere vergadering kan slegs eenheid aanbeveel, maar kan nie besluit om te verenig afdwing nie. Beide die Kerkordes van die VGKSA en die NGK maak voorsiening vir kontraktuele ooreenkomste tussen gemeentes van onderskeie verbande asook terugstigting / opheffing van gemeentes Die bedoeling van die bepalings was egter nooit gemik op kerkhereniging nie.

**5.3 Die Reglement vir die inlywing van gemeentes uit ander kerke** van die VGKSA kan die proses van kerkvereniging slegs in 'n beperkte mate dien. Die reglement impliseer dat alle vereistes mbt die uittreding uit kerkverband nagekom is, dat die belydenisskrifte van die VGKSA deur 'n 2/3 meerderheidsbesluit van die kerkraad aanvaar en onderteken is, dat die gemeentes dmv 'n 2/3 meerderheid besluit van die kerkraad die kerkorde van die VGKSA aanvaar word. Dat die inlywing [ regement van inlywing p 89] en/of eenwording [ reglement van eenwording p 86] nie voltooi kan word alvorens toestemming van die Algemene Sinodale Kommissie/Algemene Sinode verkry is nie.

**5.4** VGKSA se eenheidprossese word gereël deur **Reglement van Eenwording** p 86 wat dit duidelik stel dat die samestelling van 'n stigting of verenigingsinode deur die Algemene Sinode bepaal behoort te word. Die VGKSA Streeksinode Kaapland moet dus 'n aanbeveling ivm 'n eenheidsinode aan die Algemene Sinode maak.

**5.5** NGK se artikel 36 en 37 maak voorsiening dat samestellende sinodes na eenwording hul eie regsraad behou en selfs uit algemene sinodale verband mag tree. Reglement E6 van die NGK maak ook voorsiening vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes.

**5.6** Die **Reglement vir Eenwording** van die VGKSA maak nie daarvoor voorsiening dat samestellende sinodes na eenwording hul eie regsraad behou nie. Die VGKSA Streeksinode Kaapland behoort 'n aanbeveling in die verband aan die Algemene Sinode en/of ASK te maak.